
# Werk met woorde:

## Selfstandige naamwoorde (naamwoorde)

Selfstandige naamwoorde word gebruik om vir iets ’n **naam** te gee. As ons ’n troeteldier sien wat blaf en wat ’n sagte pels het, sal ons dit ’n “hond” noem. Ons gebruik met ander woorde die selfstandige naamwoord “hond” om vir hierdie troeteldier ’n naam te gee.

Kyk na die prentjie hier onder. ’n Klomp selfstandige naamwoorde word gebruik om name te gee vir dinge wat deel van die gesig vorm.




# Werk met woorde:

## Selfstandige naamwoorde (naamwoorde)

1. Gee nou self name vir die seediere in die prentjie hier onder deur die volgende **selfstandige naamwoorde** te gebruik:

seeskilpad; seester; haai; walvis; jellievis;
seeperdjie; krap.



# Werk met woorde:

## Selfstandige naamwoorde (naamwoorde)

2. Elkeen van die volgende **selfstandige naamwoorde** gee 'n naam vir iets in die tuin. Dink aan die dinge wat jy in 'n regte tuin sal kry, en omkring dan die selfstandige naamwoord wat hierdie saak voorstel.

lelies; ruimteskip; yskas; appelkoosboom; motorfiets; reuse; televisie; laventel; sonneblomme; sonbril; stofsuier; blompot; skoffel; kasteel; balletskoene; windpomp; kabouters; branderplank; pizza; feetjies.

3. Dink nou aan 'n tuin waarin jy graag sal wil speel. Teken hierdie tuin en gebruik **selfstandige naamwoorde** om vir elke saak in die tuin 'n naam te gee.

# Werk met woorde:

## Selfstandige naamwoorde (naamwoorde)

Hier bo is selfstandige naamwoorde gebruik om ’n naam te gee vir iets wat jy met jou sintuie kan waarneem en kan tel. Maar jy gebruik ook selfstandige naamwoorde wanneer jy ’n **unieke naam** vir jou troeteldier gee, jou eie naam en van skryf en jou maatjie op sy/haar naam noem.

4. Watter naam en van sou jy vir jouself gee, as jy self kon kies? Wees kreatief! Skryf hierdie naam en van neer deur twee **selfstandige naamwoorde** te gebruik. Onthou: Hierdie selfstandige naamwoorde begin met hoofletters, byvoorbeeld **Kagiso**.

______________________________________________

5. Gebruik ’n **selfstandige naamwoord**, en gee ’n naam vir die hondjie. Onthou om ’n hoofletter te gebruik. Verduidelik waarom jy die naam gekies het.



___________________________